# Redaksioneel

Jarelange ondervinding het bewys dat 'n tydskrif se redaksionele medewerkers 'n onmisbare ondersteuningsnetwerk vir 'n kernredaksie vorm. Nie alleen word ervaring en akademiese kundigheid op hierdie wyse aan 'n tydskrif beskikbaar gestel nie – ook lojaliteit teenoor 'n tydskrif en sy beleidsrigting.

Namens die kernredaksie dus 'n baie opregte dankie aan medewerkers – binnelands sowel as buitelands wat in die 61 van KOERS se bestaan 'n unieke bydrae gelewer het.

In die besonder dink ons aan die volgende persone:

* Mnr. N.J. Grieshaber van die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg) vir sy aandeel en sy positiewe gesindheid teenoor KOERS. Mnr. Grieshaber het aan die einde van 1995 afgetree. Ons wens hom 'n tydperk van eiesoortige vervulling toe.
* Nog 'n gewaardeerde en jarelange medewerker, prof. H.A. Hansma van Nederland, het ons intussen ontval. Aan sy naasbestaandes – 'n ferm handdruk en ons meegevoel in hierdie tyd van herinnering.